

NUWE LEISELS VIR ERFENISSTIGTING

Pretoria, 24 Februarie 2014. Die Besturende Direkteur van die Voortrekkermonument, me Sonja Lombard, is so pas aangestel as die BD van die Erfenisstigting ook. Sy is sedert 2011 die Besturende Direkteur van die Voortrekkermonument, maar sal nou die leisels van die ES ook oorneem, aangesien die Direksies van mening is dat die twee maatskappye meer gespoor bestuur moet word. Sy is die eerste vrou wat aan die hoof van beide organisasies staan.

Sedert me Lombard die leisels van die VTM in 2011 oorgeneem het, het die Monument as toerismebestemming internasionaal en nasionaal uitgeblink. So het die VTM in 2013 die Goue Prestasietoekenning by die *China Outbound Travel and Tourist Market* in Beijing, Sjina, ontvang en is as algehele wenner by die skou aangewys. Daar was vyf kategorieë met 'n brons, silwer en goue toekenning in elk. Die VTM het reeds vroeër by hierdie skou in 2009 die brons toekenning in die Media/Internetbemarkingskategorie ontvang en kon eintlik nie weer in aanmerking vir 'n toekenning kom nie, maar die organiseerders het gevoel dat die Monument 'n uitstaande toerismebestemming is en die erkenning verdien.

Plaaslik wen die Monument ook reeds vanaf 2012 elke jaar die *Professional Management Review*-toekenning in die Leiers- en Presteerderskategorie. Die toekenning in 2014 was die hoogste ooit en die Monument het 'n prestasie van 4.8 uit 'n moontlik 5 aanslagpunte behaal, die hoogste aanslag van al die deelnemers. Hierdie prestasie is in 2015 herhaal. Die Monument wen ook vandat dit begin is, die Beste Monument- toekenning in die *Best of Pretoria* wat sedert 2013 deur die *Rekord* koerant aangebied word. Hierdie toekenning word deur lesers aangewys. Die Monument is ook vir die eerste keer as finalis aangewys deur SA Toerisme met die Lilizela toekennings in 2014.

Die afgelope vier jaar is gekenmerk deur verskeie innoverende idees wat me Lombard by die Monument deurgevoer het. Die een is die e-skyfie vir slimfone wat in die Monument aangebring is. Dit stel besoekers in staat om sonder 'n gids self die Monument te kan verken, in vier verskillende tale. Sy het ook die drie Gelooftepanele in Afrikaans, Engels en Nederlands laat oprig en die versoeningsbrug by Bloedrivier, wat reeds jare lank sloer, is op 16 Desember 2014 uiteindelik amptelik deur president Zuma geopen.

**UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za**